# INSTRUCTIONS TO AUTHORS: *ACTA THEOLOGICA*

1. Manuscripts can be submitted in Afrikaans, English, Dutch or German, and should preferably not exceed 7 000 words.

2. Manuscripts may be submitted to the editor by ordinary post or by e-mail.

The Editor: Acta Theologica

Faculty of Theology (87)

University of the Free State

P.O. Box 339

BLOEMFONTEIN

9301

hoffmanl@ufs.ac.za

3. All contributions are reviewed on academic grounds. Authors are invited to submit the names and addresses of three to four persons as referees. The editorial board usually contacts at least one referee from this list. Refereeing is always anonymous.

4. Manuscripts of high scientific standard are considered for publication provided that the editor reserves the right to make such alterations as he sees fit to accommodate the style and presentation to the editorial policy. Should extensive changes be necessary, the manuscript will be returned to the author for correction or approval.

5. Manuscripts are to be submitted in the first instance ready for the press: finally edited, stylistically polished and carefully proofread.

6. Titles should be as short and concise as possible.

7. Articles should preferably be divided into subsections with suitable headings. Headings and subheadings should be indicated by means of Arabic figures, for example 3 being followed by 3.1, 3.1.1 and 3.1.1.1 (at most).

8. All articles must be provided with an edited abstract (a summary in English) not exceeding 150 words.

9. Three to four key words in both English and Afrikaans should be provided at the end of the article. These should accurately render the discipline in which the article is written as well as the specific contribution of the article.

10. Abbreviations and acronyms should be avoided. Acronyms in current use, for example USA, are acceptable. Abbreviations can be used in footnotes and between parentheses.

11. Italics (not bold) may only be used to indicate emphasis, a word or expression from another language, or the title of a book.

12. Quotes shorter than 20 words are placed in quotation marks as part of the text. Quotes exceeding 20 words form a separate paragraph indented without quotation marks.

13. References in the text should preferably be in the Harvard style, mentioning only the author's name as follows: (Young 2004:231, 272) or Young (2004:231, 272) alleges that …

*Note:*

No comma after the author's surname.

No space after the colon.

References to works by Classical or Middle Ages authors should mention the name of the author, the Latin/Greek title of the work (italics), and the reference to the book, chapter, paragraph or sentence (in Arabic figures with full stops), for example: Vergilius (Aeneis 12.601) or Cicero (de Officiis 1.13.2).

14. Quotations and references in footnotes are similar to quotations and references in the text (See 12 and 13).

15. Bibliographical details are provided in the literature list and not in footnotes. A complete bibliography in the Harvard style must be provided, giving all relevant details. All sources must be listed alphabetically by authors' surnames. Only works referred to in the text should be listed in the bibliography. The following is a guideline:

**Articles:**

VAN JAARSVELD, F.J. & JANSE VAN RENSBURG, J.

2002. Godskonsepte tydens pastorale gespreksvoering. AcTh 22(2):179-197.

*Note:*

Comma after the surname.

Full stops after the initials. If there is more than 1 initial, there is no space between the initials.

Use capital letters in the title only where absolutely necessary.

Only title of journal is in italics.

No spaces between issue number, colon and page numbers.

You are welcome to use abbreviations for journals, but should you suspect that the reader will not know which journal is referred to, you may write the title out in full.

**Books:**

VOS, J.S.

2002. Die Kunst der Argumentation bei Paulus. Studien zur antiken Rhetorik. Tübingen: Mohr Siebeck. WUNT 149.

SCHWÖBEL, C. (ED.)

1995. Trinitarian Theology today. Edinburgh: T&T Clark.

*Note:*

Comma after the surname.

Full stops after the initials. If there is more than 1 initial, there is no space between the initials.

Use capital letters in the title only where absolutely necessary.

Only title of book is in italics.

No space before colon after place of publication.

The series in which the book appears is mentioned at the end and not placed in brackets.

**Articles in books with an editor:**

ACHTEMEIER, P.

1997. Finding the way to Paul's theology. In: J.M. Bassler (ed.), Pauline theology. Vol 1. Thessalonians, Philippians, Galatians, Philemon (Minneapolis: Fortress, SBLSS 4), pp. 3-21.

*Note:*

The reference is similar to the one for an ordinary book, except that "In:" is added, the editor(s) is/are named and the reference to the place of publication, publisher and series is placed in brackets so that the reference to the page numbers reads more easily. Furthermore, pp. is used.

**Newspaper reports:**

When the author is not mentioned:

DIE KERKBODE

&**&

2001. Aborsie nie aanvaarbaar. 15 June, p. 23. Acta Theologica 2006:1

When the author is mentioned:

SMIT, M.

2002. Die pad voretoe. Die Volksblad 23 July, p. 2.

When the person concerned is mentioned:

ASMAL, K.

2003. Nuwe onderwysbedeling. Die Volksblad 4 December, p. 9.

**Web pages:**

Web page (author and date of publication mentioned)

LE ROUX, K.

2002. Teologie in ’n nuwe eeu. [Online.] Retrieved from: http://
www.kerk.org.za/bib/dokumente/3.html [2003, 5 January].

Web page (no author)

Teologie in ’n nuwe eeu. 1989. [Online.] Retrieved from: http://www.

kerk.org.za/bib/dokumente/3.html [2003, 5 January].

Web page (author; no date of publication)

LE ROUX, K.

[s.a.] Teologie in ’n nuwe eeu. [Online.] Retrieved from: http://

www.kerk.org.za/bib/dokumente/3/html [2003, 5 January].

16. The author of an article receives 10 reprints of his/her article as well as one free copy of the specific issue of the journal.

17. As Acta Theologica is an accredited journal, a page fee of R80 per page is levied. Such fees may be recouped from earnings on research publications. Authors do not bear the costs of articles, but receive accounts for submission to the management of the university or other institution where the author is employed.

**&**&**

## INSTRUKSIES VIR OUTEURS: *ACTA THEOLOGICA*

1. Manuskripte kan in Afrikaans, Engels, Nederlands of Duits voorgelê word en moet verkieslik nie langer as 7 000 woorde wees nie.

2. Manuskripte kan per gewone pos of per e-pos aan die redakteur gestuur word.

Die Redakteur: Acta Theologica

Fakulteit Teologie (87)

Universiteit van die Vrystaat

Posbus 339

BLOEMFONTEIN

9301

hoffmanl@ufs.ac.za

3. Alle bydraes word deur keurders op akademiese gronde gekeur. Skrywers word uitgenooi om die name en adresse van drie tot vier persone wat as beoordelaars gebruik kan word, voor te lê. Die redaksie probeer om ten minste een hiervan te gebruik. Keuring geskied altyd anoniem.

4. Manuskripte van hoë wetenskaplike gehalte word vir publikasie oorweeg met dien verstande dat die redakteur die reg voorbehou om veranderinge aan te bring wat hy as wenslik beskou om die styl en aanbieding in ooreenstemming met die beleid van die redaksie te bring. Indien aansienlike veranderings nodig is, sal die manuskrip na die skrywer terugverwys word vir regstelling of goedkeuring.

5. Manuskripte moet in eerste instansie persklaar, in finaal geredigeerde, sorgvuldig taalversorgde en volledig afgeronde vorm voorgelê word.

6. Die titel moet so kort en bondig moontlik wees.

7. Artikels moet verkieslik verdeel word in onderafdelings met gepaste opskrifte. Opskrifte en subopskrifte moet met Arabiese syfers genommer word, byvoorbeeld 3 word gevolg deur 3.1, 3.1.1 en

3.1.1.1 (tot hoogstens die vierde vlak).

8. Alle artikels moet voorsien word van ’n taalversorgde abstract (’n opsomming in Engels) van nie langer as 150 woorde nie.

9. Aan die einde van die artikel moet drie tot vier trefwoorde in sowel Engels as Afrikaans bygevoeg word. Die trefwoorde moet so gekies word dat dit die navorsingsveld waarbinne die artikel val en die spesifieke bydrae wat die artikel maak, akkuraat weergee.

10. Afkortings en akronieme moet nie in die normale teks gebruik word nie. Akronieme wat algemeen gebruik word, byvoorbeeld VSA, is egter aanvaarbaar. Afkortings kan wel in voetnote en tussen hakies gebruik word.

11. Slegs kursivering (nie vetdruk nie) mag as aanduiding van beklemtoning of van ’n woord of uitdrukking uit ’n ander taal of van die titel van ’n boek gebruik word.

12. Aanhalings korter as 20 woorde word tussen aanhalingstekens as deel van die gewone teks geplaas. Aanhalings langer as 20 woorde word as ’n aparte paragraaf ingekeep en nie binne aanhalingstekens

geplaas nie.

13. Bronverwysings in die teks moet verkieslik in die Harvardstyl geskied, met slegs die skrywer se van, as volg: (Young 2004:231, 272) of Young (2004:231, 272) beweer dat…

*Let op:*

Geen komma na outeur se van.

Geen spasie na dubbelpunt.

By verwysing na werke van Klassieke of Middeleeuse outeurs word die naam van die outeur, die Latynse/Griekse titel van die werk (kursief), en die boek, hoofstuk, paragraaf of reëlverwysing (in Arabiese syfers met punte tussenin) vermeld, byvoorbeeld:

Vergilius (Aeneïs 12.601) of Cicero (de Officiis 1.13.2).

14. Aanhalings en bronverwysings in voetnote word op dieselfde wyse as aanhalings en bronverwysings in die teks hanteer (Kyk 12 en 13).

15. Bibliografiese besonderhede word in die literatuurlys verskaf en nie by wyse van voetnote nie. ’n Volledige bibliografie in die Harvardstyl met alle relevante besonderhede, in die vorm van ’n alfabetiese lys volgens outeur, moet dus verskaf word. Slegs werke waarna in die teks van die artikel self verwys word, moet in die bibliografie opgeneem word. Die volgende dien as riglyn:

**Artikels:**

VAN JAARSVELD, F.J. & JANSE VAN RENSBURG, J.

2002. Godskonsepte tydens pastorale gespreksvoering. AcTh 22(2):

179-197.

*Let op:*

Komma na van.

Punte na voorletters. Indien meer as 1 voorletter, geen spasie tussen voorletters nie.

Gebruik hoofletters in titel net waar absoluut nodig.

Slegs titel van tydskrif in kursief.

Geen spasies tussen volumenommer, dubbelpunt en bladsynommers.

U is welkom om afkortings te gebruik vir tydskrifte, maar indien u vermoed dat die leser nie sal weet na watter tydskrif u verwys nie, kan u dit voluit skryf.

**Boeke:**

VOS, J.S.

2002. Die Kunst der Argumentation bei Paulus. Studien zur antiken Rhetorik. Tübingen: Mohr Siebeck. WUNT 149.

PRINSLOO, W.S. & VOSLOO, W. (REDS.)

1988. In mensetaal oor God se Woord. Huldigingsbundel opgedra aan Prof. A.H. van Zyl. Kaapstad: Lux Verbi.

*Let op:*

Komma na van.

Punte na voorletters. Indien meer as 1 voorletter, geen spasie tussen voorletters nie.

Gebruik hoofletters in titel net waar absoluut nodig.

Slegs titel van boek in kursief.

Geen spasie voor dubbelpunt na plek van uitgawe.

Die reeks waarin die boek verskyn word heel aan die einde genoem en nie tussen hakies geplaas nie.

**Artikels in boeke met ’n redakteur:**

ACHTEMEIER, P.

1997. Finding the way to Paul’s theology. In: J.M. Bassler (ed.), Pauline theology. Vol. 1. Thessalonians, Philippians, Galatians, Philemon (Minneapolis: Fortress, SBLSS 4), pp. 3-21.

*Let op:*

Die verwysing is feitlik dieselfde as vir ’n gewone boek, behalwe dat “In:” bykom, die redakteur(s) genoem word en die verwysing na die plek van uitgawe, uitgewer en reeks binne hakies geplaas word sodat die verwysing na die bladsynommers makliker lees. Verder word pp. gebruik.

**Koerantberigte:**

Indien outeur nie aangedui word nie:

DIE KERKBODE

2001. Aborsie nie aanvaarbaar. 15 Junie, p. 23.

Indien outeur wel aangedui word:

SMIT, M.

2002. Die pad vorentoe. Die Volksblad 23 Julie, p. 2.

Indien persoon betrokke aangedui word:

ASMAL, K.

2003. Nuwe onderwysbedeling. Die Volksblad 4 Desember, p. 9.

**Webbladsye:**

Webbladsy (met outeur en publikasiedatum aangedui)

LE ROUX, K.

2002. Teologie in ’n nuwe eeu. [Aanlyn.] Bekom van: http://www.

kerk.org.za/bib/dokumente/3.html [2003, 5 Januarie].

Webbladsy (geen outeur)

Teologie in ’n nuwe eeu. 1989. [Aanlyn.] Bekom van: http://www.

kerk.org.za/bib/dokumente/3.html [2003, 5 Januarie].

Webbladsy (met outeur; geen publikasiedatum)

LE ROUX, K.

[s.a.] Teologie in ’n nuwe eeu. [Aanlyn.] Bekom van: http://www.

kerk.org.za/bib/dokumente/3.html [2003, 5 Januarie].

16. Die skrywer van die artikel ontvang 10 oordrukke van die artikel sowel as een gratis eksemplaar van die betrokke uitgawe van die tydskrif.

17. Aangesien Acta Theologica ’n geakkrediteerde tydskrif is, word ’n bedrag van R80 per bladsy vir bladgelde gehef. Die koste vir ’n artikel kan uit die verdienste op navorsingsuitsette verhaal word. Outeurs dra dus nie self die koste van artikels nie. Rekeninge word aan outeurs gestuur vir voorlegging aan die bestuur van die universiteit of enige ander instansie waar die outeur werksaam is.

**&**&**